VERJAARSDAE : 7 TOT 13 JUNIE 2009

06/07	DANEAL	ROODE	VAN RIEBEECKLN 277	Blok 1
06/07	SEXTA	MAREE	BERYLLAAN 4	Blok 4
06/07	FREDA	VILJOEN	VAN RIEBEECKLN 35	Blok 4
06/07	CARMEN	STRYDOM	SMUTSLN 208	Blok 2
06/07	JACQUES	BOTHMA	DE LA REYWEG 16	Blok 4
06/08	HARDUS	DU PREEZ	SMUTSLN 334	Blok 1
06/08	ANN	BESTER	KRUGERLN 100	Blok 3
06/09	MAGDA	BUYS	HANS STRIJDOMLN 143	Blok 3
06/09	STEFAN	GOUWS	LANGEBRINKWEG 120	Blok 4
06/10	ETHAN	ERASMUS	HANS STRIJDOMLN 192	Blok 2
06/10	NIKI	WESSELS	HANS STRIJDOMLN 130	Blok 3
06/11	PIETER	SCHMIDT	VAN RIEBEECKLN 190	Blok 2
06/11	PIETER	VELDSMAN	TECOMA WS 5	Blok 1

HUWELIKHERTDENKINGS

Daar is geen huwelikherdenkings vir hierdie tydperk op die databasis nie. Indien u gedurende hierdie tydperk getroud is, gee asseblief die datum en jaartal deur aan Max (664 3629).

Enige ander inligting wat moontlik verander het, sal u so vriendelik wees en dit ook deurgee (veral selfoonnommers).

BOOMSLOPING

EN

SNOEI VAN

BOME EN

STRUIKE

KONTAK: ERNST

083 656 4992

חי

Dr Liandi Fourie

MBChB(Pret)

Algemene Praktisyn

Ons passie is
volhoubare gesondheid
dmv 'n natuurlike benadering,
lewenstylbeplanning
en natuurlike produkte.

Chris Hougaardstraat 324
Wierdapark
012-6530564

Ned Geref Gemeente Lyttelton-Oos

FAMILIENUUS

Sondag, 7 Junie 2009

Hartlik welkom in die erediens vanoggend

Webtuiste: www.lytteltonoos.org.za

SONDAG, 7 JUNIE

Deurkollekte Noodlenigingsfonds

Inhandiging Kommissieverslae

09:00 Erediens: Ds Freddie Schoeman (Tema: *Ons verryk mekaar*)
09:00 Kindereredienste
18:00 Aanddiens
18:45 Kategese / Ouers kuier saam
19:30 Gesinne kuier / speel saam

MAANDAG, 8 JUNIE

19:00 Gesamentlike byeenkoms vandie Droomspan en kerkraad.

DINSDAG, 9 JUNIE

09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie

WOENSDAG, 10 JUNIE

17:00 Biduur

DONDERDAG, 11 JUNIE

09:00 Bybelstudie Senior Lidmate
18:30 Alphakursus

VRYDAG, 12 JUNIE

18:00-22:00: OppiKoffie

SATERDAG, 13 JUNIE

08:00—16:00: Ontdek jou potensiaal

SONDAG, 14 JUNIE

Biddag vir Jeug en Kategese

Sakelys vir Kerkraadsvergadering

09:00 Erediens: Ds Freddie Schoeman (Tema: *Ons vervul ons funksie*)
09:00 Kindereredienste
18:00 Aanddiens
18:45 Kategese / Ouers kuier saam
19:30 Gesinne kuier / speel saam

DINSDAG, 16 JUNIE

Vakansiedag—Jeugdag

WOENSDAG, 17 JUNIE

17:00 Biduur
19:00 Kerkraadsvergadering

DONDERDAG, 18 JUNIE

09:00 Bybelstudie Senior Lidmate
18:30 Alphakursus

NUWE INTREKKERS

Ons wil julle graag so gou moontlik tuis laat voel en deel maak van ons geloofsgesin! Bly gerus na die diens agter dan ontmoet ons mekaar voor die kansel. Julle kan ook ds Freddie Schoeman (084 581 8139) of Max Amsenga (012-664-3629) skakel.

VOORBIDDING

1. Apie en Karen Erasmus, Theodorestraat 45 (met Karen wat hierdie week weer in die hospitaal opgeneem is(Blok 1).
2. Willie en Theresa Smith, Hans Srijdomln 235 met Willie wat siek in die bed is met longontsteking (Blok 1).
3. Japie en Elise Kritzinger met Japie wat twee ernstige operasies na mekaar ondergaan het.
4. Adolf Crafford, Hans Strijdomln 182 wat DV Junie/Julie 'n nieroorplan-ting onder-gaan. (Blok 2) Ons vra voorbidding vir die hele gesin.

MEEGEVOEL

Ons betuig graag ons innige meegevoel met Arina Lieben-berg en haar gesin (Van Rie-beeckln 81 (664-2437) met die afsterwe van Oom Chris Sater-dag 30 Mei. Mag u die Here se vertroosting en nabyheid in die dae wat kom ryklik ervaar.

DIE GEBEDSBRIEF 18

SONDAG 7 JUNIE 2009

Herdie week het so vinnig verby gegaan dat ek amper die brief te laat deurgestuur het. Maar dit was ook 'n wonderlike week en ek hoop en vertrou dat u dieselfde ervaring gehad het. Ons het Donderdagaand 5h00 ons eerste Engelse diens gehad vir ons sopkombuis mense en wat 'n ervaring was dit nie. Dankie baie vir Retha, Wessel en Lene vir hulle inisiatief. Dis 'n wonderlike vorm van sendingwerk wat besig is om pos te vat by ons kerk. Ek het toevallig ook vanoggend op 'n deel in my boek raakgelees oor sendigwerk en gebed en wil dit baie graag met u deel.

Die een tema wat vir die kerk van Christus van wesenlike belang is, is voorbidding vir die groepe in die wêreld wat nog nie die evangelie gehoor het nie. Bykans 70% van alle vooruitgang in sendingwerk sedert Christus se hemelvaart, het plaasgevind van die jaar 1900 af. Ongeveer 70% daarvan het na die Tweede Wêreldoorlog plaasgevind en 70% daarvan het tussen 1990 en 1992 plaasgevind. Met ander woorde 30% van alle uitbreiding in die sending sedert die hemelvaart van Christus het plaasgevind in 36 maade van begin 1990 tot einde 1992. Dit beteken dat daar 'n ongekende uitbreding van die evangelie plaasvind het en dit hou verband met 'n groter hoeveelheid doelgerigte voorbidding wat gerig word op die bereiking van die ongereddes met die evangelie van Jesus Christus.

Dus deur middel van gebed kan uitvoering gegee word aan die Groot Opdrag. Daar is verskillende maniere waarop die Groot Opdrag uitgevoer kan word: ons kan getuig daar waar ons is, ons kan onsself vir die bediening bekwaam en uitgaan en die evangelie verkondig, of ons kan onsself vir die sendingveld beskikbaar stel. Daar is egter nog 'n manier om sendingwerk te doen en dit is deur middel van gebed.

'n Gebedsendeling is iemand wat 'n land of geografiese area neem en daagliks, op 'n sistimatiese wyse, vir daardie land begin bid. Dit is iemand wat nie fiesiek na die sendingveld gaan nie, maar vanuit sy huis die werk van gebed verrig en sodoende sendigwerk doen. Die gebedsendeling berei, deur gebed, die akker voor sodat die saad wat deur die sendeling gesaai word, op vrugbare grond sal val.

Hy/sy is 'n voorloper, 'n wegbereider. Hy/sy is deel van God se gevegspan in die stryd teen die koningkryk van die duisternis. Hy/sy tree met gesag op in hierdie stryd om die weg vir die evangelie voor te berei***. Jer.1:10 sê "Kyk, Ek stel jou vandag aan oor nasies en oor koningkryke om af te beek en uit te roei, om te vernietig en plat te slaan, te bou en te vestig."***

Die ebedsendeling en die sendeling is medewerkers. Die een kan nie sonder die ander nie. Die voordeel van 'n gebedsendeling is dat hy in plekke en lande kan inkom waar die verkondiging van die evangelie verbode is. Niemand kan die gebedsendeling se gebede verhinder om oor die landsgrense en groot afstande hulle effek te hê nie.

NUWE BOODSKAPREEKS
10 Mei—21 Junie 2009

Mekáár

Wat dit beteken om deel van 'n geloofsgesin te wees

[Deel van jaartema: Leef naby aan God—hoe om God se stem te hoor deur na mekaar te luister]

7 Junie	Ons *verryk* mekaar
14 Junie	Ons *vervul* ons funksie
21 Junie	Viering

Die volgende sal beskikbaar wees en by die tema aansluit:

- Dagstukkies
- Kleingroepriglyne
- Huisgodsdiensriglyne

Watter soort kleingroep wil jy deel van wees?

Vriendskapsgroep * Omgeegroep * Bybelstudiegroep * Groeigroep * Bedieningsgroep * Dissipeskapsgroep

[Dui keuse op terugvoervorm aan]

KOM BID SAAM!

Sondagoggende vanaf 08:00 in bo-kamer
Ons bid vir:

- die erediens
- ons gemeente
- spesiale versoeke (terugvoerkaarte)

Kom berei jouself geestelik voor vir die erediens
Kom wanneer jy kan, bly solank jy wil, gaan wanneer jy moet …

Wanneer gelowiges bid sidder die duiwel ...

Ontdek jou Potensiaal

Saterdag 13 Junie 2009

08:00—16:00

'n Dag-seminaar om jou te help om jou talente te ontdek en te ontwikkel

JY IS UNIEK!

Elkeen van ons is geskape met 'n doel (Ef 2:10). Jy ook. Jou doel verskil van ander. Daarom het die Here jou uniek gevorm en ontsaglik baie in jou belê. Hy het jou toevertrou met gawes van onskatbare waarde. *Dit is egter 'n skat wat nie aan jou behoort nie—die Here het jou daarmee geseën ter wille van ander*. Jy moet dit egter ontwikkel en bestuur.

Hoe gaan ek te werk om my potensiaal te ontdek?

- Skryf in deur 'n sms aan 0845818139 of 'n e-pos aan lyttoos@mweb.co.za te stuur of skryf in op ons webblad by http://www.lytteltonoos.org.za/nuus/potensiaal2009.html
- Jy sal 'n boek ontvang waarin daar 'n kode is. Hierdie kode moet jy gebruik om op die internet 'n vraelys in te vul. Die vraelys word gebruik om jou vyf top talenttemas te ontdek. Jy sal 'n verslag ontvang wat jy moet uitdruk.
- Bring die verslag saam na die seminaar.

Koste: R290 per persoon, betaalbaar wanneer jy die boek ontvang.

Daar is ook nog twee ander geleenthede hierdie jaar:
29 Augustus 2009 en 7 November 2009

TERUGVOER

Jou terugvoer is vir ons belangrik!

Om beplanning te doen, dinge te verbeter, 'n ryker eredienservaring te skep, ons gemeentebediening en –praktyke te verskerp is dit vir die leierskap van die gemeente uiters belangrik om te hoor wat lidmate sê.

Die terugvoerkaarte in die banke is een belangrike manier waarop jy kan terugvoer gee en kan aandui wat jou opgewonde en bly maak en die wat die haakplekke en krapplekke in die gemeente is.

Vul dus gerus sommer nou 'n terugvoerkaart in!

Baie dankie—ons waardeer dit regtig baie.

Ons sendelinge het baie dringend ons gebede nodig om hulle werk te kan doen. Lene is oppad Uganda toe waar sy maatskaplike werk gaan doen en natuurlik ook 'n getuie vir Christus gaan wees. Sy is dus ook 'n sendeling wat deur God gestuur is om sy woord te gaan verkondig, met woord en daad. Ons sal haar in ons gebede hou.

Natuurlik moet ons ook aan God die erkenning begin gee vir die verhoring van gebede en met groot liefde en dankbaarheid vir God kan ons terugvoer gee vir gebede gee wat beantwoord is. Wessie Wessels het werk gekry waarvoor ons baie dankbaar is. Janita Mostert het werk gekry 'n paar maande gelede al waarvoor ons gebid het so ook Antoinette van Rensburg. Daar is mense vir wie ons gebid het vir gesondheid wat wonderlik genees is en soveel ander van wie ons nog nie eens gehoor het nie. Dankie Liewe Vader dat u na ons luister en ons gebede verhoor!

As daar iemand is wat getuie wil lewer oor gebed wat verhoor is kan u dit gerus vir my e-pos na henniesteyn7@telkomsa.net Ons sal baie graag van u wil hoor. U hoef nie u naam by te sit as u nie wil nie. Ons wil graag aan God die erkenning gee hierdeur asook vir ons kleingelowiges wys dat gebed werklik krag het.

Bid asseblief vir die sopkombuis en die wonderlike werk wat daar verrig word, asook vir elke bediening in ons gemeente. Elkeen wat 'n groot bydrae lewer in die uitbreiding van die Groot Opdrag.

Christus Groete

Die Gebedspan

DANK EN WAARDERING …

Baie dankie aan almal wat op een of ander wyse gehelp het met die begrafnis van wyle Chris Liebenberg Donderdag 4 Junie.

Dit is voorwaar 'n groot liefdeswerk wat in die gemeente verrig word en word opreg waardeer. Baie dankie vir die gewillige hande!

Ria Maree

BELANGRIKE DATUMS HIERDIE JAAR:

- **19 September: PARKNAVAL**

(Ons jaarlikse groot feesgeleentheid wat ons vir ons gemeenskap reël)

- **9-11 Oktober: GEMEENTEKAMP**

'n Geleentheid om saam te kuier, lag en speel—vir 'n hele naweek lank!

GEBEDSNETWERK

Kom ons begin mekaar as geloofsgesin daadwerklik te ondersteun deur deel te word van ‘n gebedsnetwerk.

HOE WERK DIT?

Jy neem verantwoordelikheid vir twee / drie gesinne. Dis jou verantwoordelikheid om hierdie gesinne gereeld te kontak en te verneem waarvoor voorbidding gedoen kan word. Daar moet elke dag vir die gesinne gebid word.

Jy is óók deel van iemand ander se verantwoordelikheid. Iemand anders kontak jou en jou gesin gereeld en doen vir julle voorbidding.

Vertroulikheid word ten alle tye gehandhaaf. Geen inligting mag sonder toestemming verder gekommunikeer word nie.

So bemoedig en versterk ons mekaar se geloof.

Ek bedoel dat, as ek by julle is, ons deur mekaar se geloof bemoedig kan word, ek deur julle s’n en julle deur myne. (Romeine 1:12)

HOE WORD EK DEEL?

Indien jy op die gemeente se sms-databasis is, sal jy van-oggend ‘n sms ontvang. Reageer deur te “reply”: “Opsie 1” of “Opsie 2” of “Opsie 1 en 2”. (Indien jy nie ‘n sms ontvang nie of nie deel van die databasis is nie, stuur ‘n sms aan 084 581 8139.) Indien jy reeds gereageer het, ignoreer asb. die sms.

Opsie 1 beteken: Ja, ek wil graag hê dat iemand my gereeld kontak en vir my bid.

Opsie 2 beteken: Ja, wil / is bereid om twee of drie gesinne gereeld te kontak en vir hulle te bid.

BELANGRIKE BYEENKOMS:

Kerkraad en Droomspan (Bedieningspan) asook alle ander lidmate wat belang het by die toekoms van die gemeente

Maandag 8 Junie 2009 om 19:00 in die gemeentesentrum

Almal hartlik uitgenooi!

Alpha

’n Geleentheid

om die betekenis van die lewe te ontdek

23 Junie—22 September

Elke Donderdagaand om 18:30.

Kom vra jou vrae
Kom verken die terrein
van die geloof
Kom deel in die saamwees

Dui jou belangstelling op ’n terugvoervorm aan of skryf in op ons webblad by
http://www.lytteltonoos.org.za/inligting/alpha.htm

GELOOFOFFERFONDS

Hierdie fonds is geskep met die uitsluitlike doel om die aktiwiteite van die Getuienisaksie van die Gemeente te befonds. Elke lidmaat het deel aan die Getuienisaksie wat ten doel het om die gemeente se opdrag en roeping uit te voer. Die getuienistaak behels die bediening van die hele Evangelie aan die hele mens in die hele wêreld.

Die gemeente het reeds die afgelope Sondae kennis geneem van die werksaamhede van Aksie Arbeiders vir die Oes waarby ons gestuurde leraar, ds Jan van Jaarsveld, en sommige van ons gemeentelede betrokke is.

Van die belangrike aktiwiteite waarvoor die Geloofofferfonds voorsiening moet maak is die pensioen- en mediesefonds bydrae vir ons gestuurde leraar.

Verder is daar onder andere begroot vir borgskappe vir persone wat die Matlala-uitreik wil bywoon in Julie (R14 000) asook vir Helpende Hand betrokke by skuilings vir Blankes (R10 000).

‘n Beroep word op die gemeente gedoen om in die geloof weer bydraes te maak tot die fonds. Die opname sal by die diens van Sondag, 21 Junie 2009 plaasvind